Ontmoeting 3

DIE SONDEVAL:

ALLES BEGIN VERKEERD LOOP

Hierdie les behoort 'n mens se hart te breek. Nadat ons God as die wonderlike Skepper leer ken het, ontdek ons nou die vyand en leer ons dat die mens teen God gekies het.

Teks: Genesis 3

Hulpmiddels:

Vir Woord: *(Keuse: Indien jy weer die sandboks wil gebruik, gaan voort met verlede keer se hulpmiddel en voeg net by wat nodig is of gebruik 'n viltbord.)*

- Viltbord en prente:
- Adam en Eva
- Bome
- 'n knielende Adam en Eva,
- 'n Slang
- 'n Donker wolk
- 'n Vrug
- Hartseer gesig
- Donker lap

Vir Werskaf:

- Papier en kryt
- Klei
- Ou koerante
- Papierborde, verf en skêr





WELKOM

- Sing die **"welkom"-liedjie** soos by die vorige ontmoetings.
- Speel - *Vir 'n klein groep in die buitelug:* "Ek sien iets met my klein ogies wat in die paradys was ..." (bv. Dis groot en groen; of mens kan dit nie tel nie, ens.) Moedig die kinders aan om die speletjie "huis toe te neem".
- Speel - *Vir groot groep:* Maak 'n groot rangskikking. Neem takke, blare, blomme, vrugte en groente saam en roep 'n paar kinders om die beurt vorentoe, bv. een uit elke ouderdomsgroep, om iets in die rangskikking te kom plaas. Laat almal uitroep: "En God het gesien dat dit goed was!!"

WYDING

Temalied en **stilword-ritueel** soos by die vorige ontmoetings.

WOORD

Kinders 4-6 jariges:

Neem 'n pop saam en stel die pop aan die kinders voor. Die pop is kamma nuut op julle dorp en wil graag meer weet. Vertel vir die pop iets oor die kinders, maar nie die volle waarheid nie. Bv. "In ons skool dra almal blou hemde (waar) en rooi sokkies (onwaar)." Die kinders sal waarskynlik heftig reageer op die leuen.

Kinders 7-12 jariges:

Vertel vir die kinders van iets wat gebeur het. Gebruik 'n bekende gebeurtenis, maar verdraai net een van die feite. Bv. Verwys na die sokker of rugby uitslag, gee die regte name van die spanne, die korrekte uitslag, maar noem verkeerde spelers. Bv. Bryan Habana het 'n skepdoel oorgeskop vir die wenpunte (maar eintlik het hy 'n baie mooi drie gedruk).

Ek sien julle hou nie van halwe waarhede nie. Julle word sommer baie vies as iemand die waarheid verdraai.

Vandag se deel van "God se verhaal met mense" is 'n groot skok omdat iemand 'n halwe waarheid geglo het.

God het alles goed gemaak. Verwys na die vorige twee onmoetings oor die skepping.

Maak die Bybel oop by Genesis 3:

God het alles goed gemaak: *(Plaas plante, diere en Adam en Eva op die viltbord of in die sandboks.)* Maar daar was iemand wat nie van goedheid hou nie: *(Bring die slang in.)* Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?" *(Slang kyk na Eva en beweeg nader aan haar.)* Kan julle hoor hoe jok die slang? Eva hoor hy jok. *(Eva beweeg weg van die slang - amper uit die prentjie uit.)* Sy het soos julle netnou, vinnig geantwoord met die regte feite. Sy verduidelik dat God net gepraat het van een boom. Die slang jok en sy weet dit. Nou begin die slang slimmer jok. Hy laat haar wonder oor God. Hy sê God steek iets vir hulle weg. Hy sê vir haar dat hulle soos God sal wees. Lees Genesis 3:4-5. Dis baie skelm van hom. Hy begin haar oortuig dat sy leuens die waarheid is. *(Eva kom nader.)* Eva begin twyfel. Sy kyk na die boom *(Bring Eva naby die boom)* en sien dat die vrugte goed is en mooi om na te kyk. Sy moet besluit na wie sy gaan luister. *(Maak die viltbord/sandboks toe met 'n donker lap en steek die 'n huilende gesiggie daarop vas.)* Alles begin nou verkeerd loop. Eva besluit om na die slang te luister. *(Neem die lap weg.)* Eva pluk 'n vrug en eet dit. *(Skuif die slang stadig eenkant toe.) (Bring Adam nader.)* Adam kom nader. Eva gee vir hom ook om te eet. Hy eet. Lees Genesis 3:7- "Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is." *(Sit Adam en Eva in knielende posisie. Die slang lê eenkant.)* Lees Genesis 3:8-11 of vertel op 'n eenvoudige manier vir die kinders. *(Sit 'n donker wolk bo Adam en Eva. Vir sandboks kan die wolk op 'n lang stokkie geplak word.)* Adam sê nie hy is jammer nie. Hy sê dis Eva se skuld. Eva sê nie sy is jammer nie, sy gee die slang die

skuld.

God straf die slang - Gen 3:14-15

God straf Eva - Vers 16

God straf Adam – Vers 17-19

Die tyd in die paradys is nou vir Adam en Eva verby. God se hart was baie seer, want Hy is ongelooflik lief vir die mense wat Hy gemaak het. Daarom is vers 15 'n belofte van die groot plan wat God het om alles weer reg te stel. Hy sê hier eintlik dat die Verlosser, Jesus, sal kom om die slang, wat eintlik die duiwel is, te vermorsel.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat in die storie is vir jou die ergste.
2. Ek wonder of jy al 'n halwe waarheid vertel het.
3. Ek wonder hoe voel jy as ander vir jou die skuld gee wanneer iets verkeerd loop.

WERSKAF

- Teken wat jy oor die verhaal dink – papier en kryt.
- Klei – vorm iets uit die verhaal.
- Papierbordslangetjie – Teken 'n slang se kop in die middel van die bord. Kleur die res van die bord in met kolle of strepe. Die papierbord word in 'n spiraal geknip en met 'n toutjie deur die slang se kop opgehang.
- *(Groter kinders kan "halwe waarhede" op die slang se lyf skryf.)*
- Ook vir groter kinders: *"Ek sien met my twee oë iets wat verkeerd loop"* – soek in koerante na dinge wat verkeerd of onwaar is. Haal dit uit en skeur dit stukkend.
- Of - Dit kan ook 'n gebedsaksie word. Kyk na wat in die koerant staan en bid daaroor. Bid dat die waarheid sal seëvier, dat mense Jesus sal leer ken, dat die Here sy kinders sal beskerm ens. Dit kan ook rondom die Onse Vader gebed gedoen word. Plaas berigte by die dele van die gebed waar dit pas en bid daardie woorde van Jesus vir die situasie – bv. As daar iets in die koerant staan wat ons besef 'n groot gevaar inhou, bid dan: "Bewaar ons van die Bose."

Sluit af met die seënbede.